# DIE SKIETLOOD



Uitgawe 111 19 Mei 2017 saam met Koersvas 111

**Die ander Apokriewe genoem in die NGB ...**

**Barug,**

Die boek bestaan uit twee dele. Die eerste deel neem die vorm aan van 'n prosaïese brief wat aan die volk Israel en koning Jojakim in ballingskap in Babilonië voorgelees word deur Barug, die skriba van Jeremia. Die volk huil, vas en bid. Daarna hou hulle 'n kollekte waarvan die geld na Jerusalem gestuur word om die tempeldiens te ondersteun. Die versoek is dat die priesters vir Nebukadneser en sy seun Beltsassar, koning en prins van Babilon sal bid. Die gebed moet vra dat daar vrede mag wees vir die volk. Daarna volg 'n brief waarin Israel nasionale skuld bely, erken dat hulle die straf verdien wat hulle kry en daarmee saam 'n bede om begenadiging.

Die tweede deel van die boek bestaan uit twee gedigte. Die eerste gedig moedig Israel aan om wysheid na te jaag omdat dit die bron van vreugde is. Die tweede gedig teken die prentjie van Israel wat swaar kry en daarmee saam die bemoedigende woorde aan Jerusalem dat die uitkoms naby is. Jerusalem word voorgestel as 'n sukkelende weduwee wat ween oor haar kinders se nood.

**die byvoegsel by die geskiedenis van Ester,**

Daar word in die boek baie uitgebrei op die boek van Ester. In hooftrekke kan die volgende byvoegsels genoem word:

- Die voorwoord wat 'n droom van Mordegai insluit; volgens hierdie weergawe werk Mordegai reeds vir die koning. In sy droom veg twee drake teen mekaar. Die trane van die regverdiges vloei saam en voed 'n magtige rivier wat oorwinning bring.
- Die inhoud van die dekreet teen die Jode.
- Gebede deur Mordegai en Ester tot God dat Hy sal ingryp.
- 'n Uitbreiding van die toneel waar Ester voor die koning verskyn met 'n verwysing na God se ingrype.
- Die inhoud van die dekreet tot voordeel en ten gunste van die Jode, die vorige dekreet word herroep en beskerming van die Jode word deel van die nuwe dekreet
- 'n Gedeelte waarin Mordegai sy droom, soos vermeld in die voorwoord, interpreteer in die lig van die gebeure wat plaasgevind het. Die klein fontein trane wat 'n rivier word, word interpreteer as verwysing na Ester.
- 'n Kolofon – *Die WAT stel: kolofon kolofon' s.nw., kolofons. Ook kolofoon. (Grieks) (drukkuns) 1 Eindtitel (s.d.); slotskrif, -titel: Die kolofon het sy ontstaan in die oudheid toe 'n betreklik uitvoerige naam dikwels aan die einde van die papirus- of perkamentrol gevoeg is om as aanvangstitel van die klaar gelese en omgekeerd opgerolde werk te dien... Tans herleef die gebruik van die kolofon, veral in bibliofiele uitgawes. In die kolofon lê die uitgewer rekenskap af van: (a) die uitgawe, deur mededeling van uitgewers- en drukkersfirma, jaar van uitgawe, letter waarin die boek geset is, papiersoort wat vir die vervaardiging gebruik word; (b) die oplaag en sy verdeling oor die verskillende papiersoorte*.

**die Gebed van die drie manne in die vuur,**
Die boek bestaan uit drie gedeeltes. Die eerste is die berouvolle gebed van Asarja (bekend ook as Abednego), dit geskied terwyl die drie in die oond is. Die tweede gedeelte vertel van ŉ stralende figuur wat hulle in die vuur ontmoet. Sommige verstaan hierdie figuur as ŉ engel, terwyl ander dit as proleptiese verskyning van Jesus verstaan. Die derde deel van die boek bevat die loflied deur die drie manne wanneer hulle besef dat hulle gered gaan word. Die refrein dat God bo almal vir altyd verhef en geloof moet word, kom herhaaldelik voor

**die Geskiedenis van Susanna,**
Die boek word gesien as toevoeging tot die boek Daniël. Daniël het sy ontstaan gehad in die 6e eeu vC terwyl hierdie boek waarskynlik 150 VC ontstaan het. Die meeste mense plaas die boek voor die gebeurtenisse van Daniël 1. In die 64 verse word vertel van die ryk man, Joachim, wat met die godvresende dogter van ŉ priester trou. Twee leiers van die Joodse gemeenskap word regters, maar kyk met oë vol wellus na haar. Eendag terwyl sy regmaak om te bad, kom hulle met onbehoorlike voorstelle rondom seksuele gunste vir hulle in ruil vir stilte oor ŉ gerug wat hulle sal versprei deur te beweer dat sy omgang met ŉ jong man gehad het. Sy weier en maak alarm oor die gepoogde verkragting. Die ou manne hou hulle woord en vertel die leuen betreffende beweerde egbreuk. Susanna word skuldig bevind en weggelei om tereggestel te word. ŉ Jong man met die naam Daniël oortuig almal om te wag en die verhoor weer te laat aangaan. Die ou manne word afsonderlik ondervra met net een vraag: "Onder watter boom het die egbreuk plaasgevind?" Die manne se stories stem nie ooreen nie en hulle word tereggestel.

**die Beeld van Bel en van die Draak,**
Die boek word as toevoeging tot hoofstuk 15 van die boek Daniël aangebied. Drie stories word vertel. Die eerste vertel: Die Persiese koning Sirius eer Daniël as ŉ groot man. Die koning vra Daniël waarom hy nie die beeld van Bel aanbid nie, veral omdat die beeld die kos wat vir hom voorgesit word, eet. Daniël stel dat hy nie ŉ valse god gemaak deur mensehande kan aanbid nie. Die koning dring aan dat Bel lewe omdat hy altyd die kos eet wat vir hom voorgesit word. Daniël vra bewyse. Die koning en Daniël kom ooreen om die saak te toets. Bel se priester sit weer kos voor Bel en die vertrek word soos gebruiklik verseël, maar nie voordat Daniël met die koning se medewete as op die vloer strooi nie. Die volgende oggend is al die kos geëet en die koning is tevrede dat Bel lewe totdat Daniël die voetspore in die as uitwys. Die priesters en hulle families het deur ŉ versteekte deur die kos in die middel van die nag kom eet. Hulle word natuurlik gedood!
Die tweede verhaal vertel van ŉ lewendige draak en die koning wat aandring dat Daniël die draak aanbid. Hy stel dat hy die draak sal kan doodmaak sonder om aan hom te raak. Die koning stem in en Daniël vergiftig die draak met ŉ kombinasie van teer, hare en as.
Die derde vertelling is ŉ herhaling van die verhaal van Daniël in die leeukuil.

Die leeus word daagliks twee skape en twee lyke gevoer. Nou word die leeus uitgehonger en Daniël in die kuil geplaas vir sewe dae. God stuur die profeet Habakuk om Daniël te versorg. Habakuk word aan sy hare ingevlieg deur 'n engel en hy gee kos vir Daniël. Na sewe dae word die samesweerders teen Daniël gedood.

**die Gebed van Manasse en**

Die boek het waarskynlik kort voor of na die val van Jerusalem in 70 nC ontstaan. Die 15 verse pretendeer om die gebed te wees van koning Manasse van Juda wat in die sewende eeu vC deur die Assiriërs na Babilonië weggevoer is. In die boek is daar berou en bid Manasse om vergifnis. In kontras met Christelike lering, stel die 15 verse dat mense soos Abraham, Isak, en Jakob nie berou hoef te toon nie omdat hulle nie gesondig het nie.

**die twee boeke van die Makkabeërs.**

1 Makkabeërs

Die verhaal speel af ongeveer 150 jaar nadat die Grieke onder Alexander die Grote Judea ingeneem het. Die Makkabese opstand word in hierdie historiese dokument weergegee. Die Makkabeërs se opstand is gekant teen onder ander die hellenisering van die Judese gemeenskap. Die opstand het so begin: Op die platteland in die klein dorpie, Modein, lewe die ou priester Mattathias saam met sy vyf seuns. As nasate van Asmoneus, staan hulle bekend as die Hasmoniërs maar ook as die Makkabeërs. (die woord is verwant aan hamer – hulle het hulle vyand soos 'n hamer getref en plat geslaan). Na hierdie dorpie word gesante gestuur om die mense te oortuig om die Griekse gode aanbid. Mattathias weier, maak die gesante dood en so begin die opstand. Hy en sy seuns vlug na die heuwels waar hulle 'n guerrilla weermag opbou. Baie suksesvolle veldslae volg. Mattathias word deur sy seun, Judas, opgevolg.

2 Makkabeërs

Hierdie boek se fokus is nie op historiese gebeurtenisse nie, maar fokus op die teologiese interpretasie van die gebeurtenisse. Tog is daar waardevolle historiese inligting in die boek vervat.

Dit handel die opsomming van die inhoud van die Ou Testament Apokriewe af.